

Maandag

Mat. 28: 16 – 20; 13: 51 – 53; 23: 1 – 13. Teks Mat. 13: 52: "Daarom is elke skrifkenner wat 'n leerling in die koninkryk van die hemele geword het, soos 'n huiseienaar wat nuwe en ou dinge uit sy skatkamer haal." (Direkte Afrikaanse Vertaling.) Tema: 'Christus maak ons en ons kinders skrifkenners.' Christus maak gelowiges en hul kinders skrifkenners deur vir hulle die Bybel te gee as 'n skatkamer vol van die skatte van God se liefde en goedheid, maar geestelikes maak van die Bybel 'n geslote terrein. Dit is soos met die verskil tussen 'n diamantveld en 'n opgrawingsterrein. Christus maak God se Woord vir sy kinders soos 'n diamantveld vol ou en nuwe kosbare edelgesteentes wat opgetel en gehou mag word. Voor vandag se groot besighede wat vir hulle alles self vat, kon enige iemand 'n diamant opgetel het en gehou het. Wanneer jy so 'n edelgesteente optel is jy dadelik opgewonde en bly. Want dit gaan jou lewe veilig maak, jou verryk en jou toekoms verseker. 'n Opgrawingsterrein is heeltemal iets anders. 'n Opgrawingsterrein is 'n ou blyplek waar mense honderde, selfs duisende jare gelede gebly het, wat lankal dood is en wie se blyplek verlate is, gebreek is en onder die grond toegeraak het. Daar is slim mense wat baie belangstel in sulke ou plekke, en wanneer hulle so 'n ou plek kry, dan span hulle dit dadelik toe sodat niemand anders daar mag kom nie. Dan kom hulle met spesiale grafies, pikke, siwwe en kwaste en grou al die grond weg om te kyk of hulle ou gebreekte potte, ou geld en ou kunswerke kan kry. Hulle sit al hierdie gebreekte ou goed weer aan mekaar en gaan sit dit binne in museums sodat mense daarna kan gaan kyk. Dan leer hulle met dié ou goed vir mense wat kamstig hul oorsprong en toekoms is. Christus maak God se Woord ons skatkamer vol skatte terwyl geestelikes van die Bybel die opgrawingsterrein van hul geestelikheid maak. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag

Mat. 28: 16 – 20; 13: 51 – 53; 23: 1 – 13. Teks: Mat. 13: 52: "Daarom is elke skrifkenner wat 'n leerling in die koninkryk van die hemele geword het, soos 'n huiseienaar wat nuwe en ou dinge uit sy skatkamer haal." (Direkte Afrikaanse Vertaling.) Tema: 'Christus maak ons en ons kinders skrifkenners.' Christus maak God se Woord vir groot en klein, 'n skatkamer vol ou en nuwe skatte wat hul lewe veilig maak en verryk! Die Woord van die koninkryk (Mat. 13:19) gaan oor Jesus wat God met ons is, en ons deur sy Woord in sy liefde as God vashou en ons lei om Hom te kan liefhê. Mat. 28: 20. Dit is ons skatte! Die Here wat in sy liefde met ons is en ons vir Hom lief maak. God se liefde, goedheid genade, barmhartigheid, getrouheid en lankmoedigheid is ons skatte. Die Bybel is ons skatkamer! Want dit is God se Woord waardeur Hy ons sy liefde, goedheid, barmhartigheid, getrouheid en genade meedeel en van verseker, en ons wys hoe ons hom kan liefhê met die liefde wat Hy in ons vir Hom skep. 'n Skatkamer waaruit jy self skatte kan haal! Dit is soos met 'n diamantveld! Die Here maak vir sy kinders, klein en groot, die Bybel hul eie skatkamer waaruit hul self die diamante en goud wat daarin is, as hul eie skatte mag optel. Die Here maak die hele Bybel ons skatkamer. Ou en nuwe skatte uit die skatkamer beteken in ons taal die Ou Testament en die Nuwe Testament. Die skatte

van God se liefde is in die hele Bybel, die Ou en die Nuwe Testament. God se verbondsliefde vir ons is binne die Ou Testament en die Nuwe Testament. 'n Skatkamer vir groot en klein! Kyk wat sê die Here vir sy dissipels as hulle kinders wil wegkeer van die skatkamer vol skatte: Maar Jesus het gesê: "Laat "staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle." (Mat. 19:13,14) Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Mat. 28: 16 – 20; 13: 51 – 53; 23: 1 – 13. Teks: Mat. 13: 52: "Daarom is elke skrifkenner wat 'n leerling in die koninkryk van die hemele geword het, soos 'n huiseienaar wat nuwe en ou dinge uit sy skatkamer haal." Tema: 'Christus maak ons en ons kinders skrifkenners.' Christus maak vir ons sy Woord ons skatkamer waarin onself God se skatte vir ons, sy liefde en goedheid in kan optel. Die Here wys dat die Joodse skrifkenners, en alle geestelike mense vandag, wil skrifmeesters wees wat die Bybel net hul eie opgrawingsterrein wil maak. Hulle wil met die ou goed wat hulle in die Bybel opgrou vir jou beelde van Jesus en ou dooie mense opmaak, wat hulle in hul lewens uitstal soos in 'n museum. Met hierdie opgemaakte Jesus- en ou dooiemensbeelde wil hulle jou leermeesters wees. Die Here sê oor hierdie slim opgrawers met hulle grafies, kwassies en museums: "Ellende wag op julle, skrifkenners en Fariseërs, skynheiliges! Want julle sluit die mense uit die koninkryk van die hemele uit. Self gaan julle nie in nie, en boonop laat julle die mense wat probeer ingaan, nie toe om in te gaan nie." (Mat. 23: 13) Hulle maak God se Woord, (sy diamantveld) 'n opgrawingsterrein vir hulself en vir Christene. Nou kan gelowiges nie meer skatte optel nie, want die Bybel is nou húl opgrawingsterrein. Hulle meen hulle beskik nou oor die Bybel. Oor hulle uitstallings van ou opgegrawe artefakte sê die Here ook: "Hulle bind swaar vragte saam, ja moeilik om te dra en lê dit op mense se skouers, maar sê hulle nie bereid om met 'n vinger aan die vrag te dra nie." (Mat. 23: 4) In hulle lewens, hul geestelike museums, leer hulle jou met hulle Jesusbeelde geestelike lessies met al hierdie ou goed wat hulle van ou dooie mense en hul lewenswyse uit die Bybel uit opgrou. Wat die Here ondraaglike laste noem, noem geestelikes vandag hulle "spiritualiteit". Die Here wys dat hulle "spiritualiteit" sluit sy skatkamer, die Bybel, toe en verruil sy SKATTE vir ondraaglike LASTE. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Mat. 28: 16 – 20; 13: 51 – 53; 23: 1 – 13. Teks: Mat. 13: 52: "Daarom is elke skrifkenner wat 'n leerling in die koninkryk van die hemele geword het, soos 'n huiseienaar wat nuwe en ou dinge uit sy skatkamer haal." Tema: 'Christus maak ons en ons kinders skrifkenners.' Die Here self wys ons in Johannes 3:16 dat ons hierdie skat in die Bybel self mag optel as ons eie skat: "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy Enigste Seun gegee het, sodat ons wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê." God het ons só lief dat Jesus vir ons sonde betaal het, sodat ons vir altyd saam met God in sy liefde sal leef. Kyk hoe maak slim geestelike

mense van die skatkamer wat die Here vir sy kinders gee vir ons 'n museum vol ou goed! Met hulle wetenskaplike “grafies, skoppies, kwassies en siwwe”, sê hulle jy mag nie hierdie skat in Joh. 3:16 optel en as jou eie vat nie. Hulle moet eers kyk of die apostel Johannes regtig hierdie boek geskryf het, nog meer, hulle gaan rond grou en kyk of ander ou dooie mense wat Johannes genoem was nie dalk die boek geskryf het nie. Hulle gaan ook sê jy mag nie hierdie skat optel nie, want jy moet eers al die ou gedagtes, al die ou opvattinge, al die ou maniere waarop mense geskryf het, al die ou maniere waarop hulle klere gedra het en kos geëet het, opgrawe en ken, voor jy kan weet wat die waarde van hierdie teks is. Dan sê hulle ook dat Jesus nie hierdie woorde regtig vir Nikodemus gesê het nie, maar dit is 'n ou storie van 'n dooie mens wat die boek geskryf het, wie niemand weet wie dit is nie. Dis wat hulle doen. Dan skielik vertel hulle jou hoe lyk die Jesus wat hulle hier opgrou en jy moet Jesus in hulle lewe soos in 'n glaskas van 'n museum raaksien, en dan sal jy self mooi geestelike gedagtes en gevoelens kry uit hierdie opgraving wat hulle uitstal. Maar... óns luister na die Here wat sy Woord ons skatkamer maak, nooit na hierdie "slim" geestelike mense met hulle opgrawings en uitstallings uit die Bybel nie! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Mat. 28: 16 – 20; 13: 51 – 53; 23: 1 – 13. Teks: Mat. 13: 52: "Daarom is elke skrifkenner wat 'n leerling in die koninkryk van die hemele geword het, soos 'n huiseienaar wat nuwe en ou dinge uit sy skatkamer haal." Tema: 'Christus maak ons en ons kinders skrifkenners.' Christus is God met ons en ons is sy kinders! (Mat.28:20) Hy sluit ons in God se liefde in sodat ons elke dag met Hom as ons Here saamleef. Hy wandel met ons en maak elke dag die Bybel ons skatkamer waarin ons die skatte van sy liefde kan optel en ons eie maak, uit elke deel van die Bybel - Ou en Nuwe Testament. Christus is nie 'n Jesusbeeld in 'n glaskas wat deur slim geestelike mense uit die Bybel opgegrou is en vir ons in hulle lewe uitgestal word nie. Ons leef nie in 'n geestelike museum vol Jesusbeelde in glaskaste nie. Ons leef saam met die Here in sy skepping! Hy maak sy Woord ons skatkamer, nie 'n museum vol ou opgegroude dooie mense se ou goed nie. Wat weet jy as jy na sulke slim geestelikes en dominees luister wat die Bybel hul opgravingsterrein van ou goed maak? Hulle laat jou dink en voel jy mag nie self by die Bybel uitkom nie want dit is hulle opgravingsterrein waaruit kinders en gewone mense moet wegbly. Hulle laat jou dink en voel dat al die ou goed wat hulle in die Bybel opgrou en kry, is onnodig - al kan jy sien dit is 'n diamantveld vol Diamante! Maar jy weet dat die Jesus wat hulle opgegrou het en uitstal om na te kyk, is NIE die Here wat jou liefhet en God saam met jou is nie. Jy weet dat die Here wat jou lief het, het sy Woord jónu skatkamer gemaak en hou jou nie weg van sy Woord asof dit 'n ou opgrawingsplek is nie. Jy weet jy mag die skatte uit hierdie skamer haal as jou eie skatte. Daarom luister jy nie na hulle geestelike stories en lessies nie, maar stap verby hulle en al hulle opgemaakte Jesusbeelde wat hulle met hul lewe uitstal, en jy tel die skatte in die woord van God op sáám met die Here wat God met ons is. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus